

Tydens my verpleegloobaan het ek voor verskeie situasies te staan gekom waarop die handboeke my nie voorberei het nie. Ek onthou met my eerste sterfgeval het ek harder gehuil as die familie. Baie van die situasies het êrens in my vasgesteek en ek het besef ek het nodig om 'n klep te kry waardeur alles kan uitloop, en dit is toe dat ek begin skryf het. Baie van die skryfwerk gebeur sommer op stukkies handdoek papier of agter op die dag se pasiëntlys. Die meeste deel ek nooit met iemand nie, maar soms het ek ontdek, help dit iemand.

Ek sal my skryfwerk nie definitief gedigte of prosa werke noem nie. Ek steur my nie genoeg aan taalreëls om dit daarvolgens te definiëer nie. Ek noem dit eerder fotos. Fotos in my lyf vasgevang.

Foto 1

Ek het in ICU gewerk en die pasiënt was 'n jong meisie wat aan kanker oorlede is.

Twee stryd

*Die asemteue wat opstyg uit jou moeë liggaam
Kom hang verwykend teen my skryfbord
Tel die minute emosieloos af
Jou liggaam word aan die gang gehou deur masjiene
Lewe word ingeforseer in hart en nier*

*Maar jy het lankal reeds moed op gegee
Pleit lankal reeds om te gaan
Ek het die geveg verloor
Tog wend ek 'n laaste poging aan
Om jou hart tot passie te dwing*

*Dit is so moeilik om terug te staan
So moeilik om op te hou baklei
Dit voel of al die hitte en lewe wat jou lyf verlaat
In myne inloop*

*En dan is alles verby
Sit ek alleen tussen die stukke van jou lyf
Myne en bymekaar maak*

Foto 2

Parkinsons

*Soos 'n dans waarvan net ek die musiek hoor
Vul ek die spasie om my lyf met rukbewegings
Fladder doelloos van oomblik tot oomblik
Vasgevang in die greep van momentum*

*'n skouspel van ritme
Vir die stil skare rondom my
My lyf
'n marionette van my siekte*

Foto 3

En dan is daar die wêreld van psigiatrie. Die wêreld wat mense so maklik verkeerd verstaan.

Depressie

*Here verstaan U
Dat al draai die ratte
En stap die tyd aan
Daar emosies is wat soms net bly vashak
Dat die mengelmoes gevoelens
Wat soos 'n jas om my pas
Soms net die chaos van my wêreld reflekteer
En dat die vaag onbekende toekoms
Nooit werklik die vrees verloor nie*

*Here verstaan U
Wat stof en sterre maak
Dat ek soms net nie kan verder gaan nie
Dat die half geoefende roetines
Net leeg en doelloos tussen land en hand
Kan bly hang
Terwyl ek koud en bewerig
In stowwerige kaste
Vir die wêreld probeer wegkruip*

Here verstaan U?

COVID foto 1

En toe gebeur COVID.

Hy het vir 'n oomblik asemloos na my gestaar. Agter hom kon ek die alarm liggies sien flikker. Sy hande het krampagtig om die suurstofmasker geklou, so asof hy daardeur die lewe kon vashou. In sy oë het ek die vrees, pyn en teleurstelling gesien. Sy kop het stadig heen en weer beweeg terwyl die boodskap sy moeë brein ingesink het. Langs hom kon ons altwee die roggel geluide van die ander pasiënte hoor. Almal was in dieselfde bootjie. Hy het my met sy oë probeer gevange hou, my probeer oorreed met sy hulpeloosheid, hoe nodig hy die ventilator het. 'n Traan het stadig oor sy wang geloop en agter die suurstof masker in verdwyn. Ek het probeer om iets te sê, maar die dokter se woorde het soos 'n wurggreep om my keel gelê. Ek kon niks uitkry nie.

Ek het stadig nader geloop. Vir 'n oomblik het al die reëls deur my kop geflits: handskoene, alkohol ontsmetting, beskerm jousef... hoogs aansteeklik... Maar my hart het harder gepraat. Ek het my hand uitgesteek en sy hand om die masker los gemaak. Die trane het nou oor my wange ook geloop. "Ek is hier" my stem het rou geklink in my eie ore. Maar ek kon dadelik sien hoe die dankbaarheid in sy oë invloei.

Ek het sy hand lank en styf vasgehou. Op die monitor het sy hartklop rustiger begin klop. Sy asemhaling het al stadiger geraak, terwyl die moegheid soos 'n gordyn oor sy gesig gesak het. Dit vat nie lank nie, ek weet: het al genoeg mense sien doodgaan om te weet. Hierdie virus steel vining.

Toe dit verby is, haal ek versigtig my hand uit syne. Ek vee eers die trane op my gesig af, en dan syne. Ek plaas sy hande netjies op sy bors neer, trek die laken versigtig oor sy kop...

...en beweeg aan na die volgende paar klouende hande en bang magtelose oë.

COVID foto 2

COVID

*Onse Vader wat in die hemel is
Weet U wat hier op aarde gebeur?
Weet U van die seer en pyn
Van mense wat verdwaal?*

*As U so na hom kyk
Die erosievore om sy oë
Van dae aaneen se worstel
Sonder asem
Besef U...
Doodgaan is nie die ergste nie
Want dit wat hy nou beleef...
Die doodsnag van aanhou leef...
Is veel erger.*

COVID foto 3 (die gedig gepubliseer in die album Maskers en Mure)

Pandemie

*Hospitale is lank nie meer
vir bloed en breuke nie,
maar doolhowe
waarin asemloses magteloos verdwaal
tussen die tentakels van 'n virus*

*Ongevalle die slagveld
waar mens teen mens baklei vir asem
ICU, vol drenkelinge op dryfhout
voos gespook vir net nog een hartklop*

*Saans word asemnood en behoudheid
oor die moeie lywe getrek
terwyl die flikkering van die ventilator
die stoei van hart en long
probeer forseer*

*Soggens word die vensters oop gemaak
om die siele te verlos
terwyl die stukkies lyf, in bondelsakke
deur identiteitlose wesens agter maskers en jasse
weggeneem word
Geen groet of soen of traan*

*En tussen al die gange
spook lampielose verpleegsters
agter maskers en brille,
om dit wat die liggame voor hulle verteer
buite te hou*

Laaste foto

Asem

*Jy kan dit nie koop of verkoop nie
Jy kan dit nie skenk soos bloed nie
Jy kan dit nie opgaan vir more of spaarsamig verdeel nie
Jy kan dit nie in jou hande aandra vir iemand anders nie
Jy kan dit nie steel of in 'n kluis wegsluit nie
Jy kan nie daarvoor smee of daarop aandrang nie
Jy kan maar net bid dat dit nie opraak nie*